# Visie Sondag: Gemaak vir Meer

**Louis Du Piesanie 27 Januarie 2019**

## 1. JESUS IS MEER

**1.1** Efesiërs 1:1-14 is 'n simfonie van lofprysing vir Jesus. Dit verwys na die feit dat Jesus meer is – Hy is groot en Hy is sterk.

**Efesiërs 1:22 "En Hy (God) het alle dinge onder sy (Jesus) voete onderwerp."**

**1.2** Jesus is so groot dat als onder sy voete pas. Hy is groter as wat ons ooit sal kan verstaan.
**1.3** Ons moet obsessief raak met Jesus en toelaat dat Hy groter groei in ons gedagtes en in ons harte.
**1.4** Dit is maklik om te verval in "klein Jesus sindroom". Ons moet weg beweeg van "klein Jesus sindroom" en fokus op die feit dat Jesus meer is.

## 2. DIE KERK IS GEROEP VIR MEER

**2.1.** Efesiërs 1:15-22 roep die kerk om meer te wees.

**Efesiërs 1:22-23 "En Hy (God) het alle dinge onder sy (Jesus) voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.**

**2.2.** Die kerk is nie 'n gebou nie, dit is 'n liggaam.
**2.3.** Die kerk is Jesus se liggaam en dit is die volheid van Jesus.
**2.4.** As Jesus (die kop) meer is, dan moet die kerk (die liggaam) ook meer wees. As die kop groot is, dan moet die liggaam ook groot wees.

## 3. ONS IS GEROEP VIR MEER

**3.1.** As Jesus meer is, dan moet ons ook meer wees.
**3.2.** Ons is geroep om die volheid van Jesus te wees. Elke een van ons.
**3.3.** Ons is geroep om die volheid van Jesus na elke hoek van die samelewing te neem.

## Gesprek Gits

## Visie Sondag: Gemaak vir Meer

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS ‘N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Wat het vir jou uitgestaan rondom die idee dat Jesus meer is?
2. Het die boodskap iets verander oor hoe jy Jesus verstaan?
3. Glo jy dat JY geroep is om Jesus oral in die samelewing (waar jy leef, werk en speel) groot te maak?